Geregistreer aan die H.P.K. as 'n Nuusblad.

VIR DIEGENE GEWOOND AAN DIE BESTE Forrer SE WYNE

# Die O.B.

VIR U VRIENDE VIR U GASTE EN VIR U Forrer SE WYNE

DERDE JAARGANG. WOENSDAG, 2 AUGUSTUS 1944. No. 37.

# Kommandant-Generaal Antwoord Dr. Malan

## *Oorlogsverklaring Teen O.B. Volg Op Hulpaanbod van K.G.*

### *Versoek om Skeurbevel nie Uit te Voer*

**In sy antwoord op die oorlogsverklaring van dr. Malan aan die Ossewabrandwag verlede week, herhaal die Kommandant-generaal sy oproep van drie jaar gelede, met die woorde: ,,Die man wat sê u moet kies teen Afrikaners, is nog steeds die man wat sê u moet skeur''!**

**Die Kommandant-generaal verwys ook na die ironie dat hierdie oorlogsverklaring die antwoord van dr. Malan is op die O.B. se aanbod van steun in 'n moontlike verkiesing, soos deur die K.G. op 22 Junie te Maitland aangekondig is.**

**Die verklaring van die Kommandant-generaal lui as volg:**

,,Die man wat sê u moet kies teen Afrikaners, is nog steeds die man wat sê u moet skeur.''

Op 25 Julie 1944 het ons, per oggendblad, alweer 'n oorlogsverklaring van dr. Malan ontvang. Hierdie keer is die voorwendsel dat 'n pak slae wat een van sy L.V.'s ontvang het, deur die Ossewabrandwag gegee is. Dat die slaners onbekende persone was en dat daar g'n bewyse van O.B.-medepligtigheid is nie, het dr. Malan natuurlik nie teruggeghou nie. Ek vra nie wie die politikus geslaan het nie, en ek vra ook nie hoekom hy geslaan is nit. **Maar ek ontken dat enige mondelikse of skriftelike O.B.-bevel daartoe gegee is.**

Tegelykertyd wil die Ossewabrandwag dr. Malan en sy geesgenote op een feit attent maak: Waar sy oorlogsverklaring oorloop van aantygings van ,,onchristelikheid'', is dit dalk tyd, lankal tyd, dat hy in sy geledere en in sy nabye omgewing as leermeester moet beklemtoon **dat slanery nie die enigste vorm van onchristelikheid is nie. Skinderstories, ,,Valse getuienis teen u naaste'', is ook onchristelik, dr. Malan! En om die vrouens en kindertjies van ons mede-Afrikaners in kampe en tronke in die steek te laat, en nie net in die steek te laat nie maar selfs die brood uit hul monde te neem deur hul enigste Noodhulpfonds te ondermyn deur vuige beswaddering, is nog veel meer onchristelik.** Daardie soort vroomheid het die O.B. nooit nagestreef nie.

Dis nie almal wat sê ,,Here, Here'' wat Sy wil doen nie. Leer dit aan u omgewing, dr. Malan!

**GEWOOND DAARAAN**

Wat sy oorlogsverklaring betref—ons is aan sy oorlogsverklarings gewoond. Hy beveg ons al venynig vir drie jaar, onafgebroke. Drie jaar gelede is 'n offensief fel en skielik op ons gelos, en dit was vergesel van 'n vloedgolf van skinderstories.

Hierdie keer is die oorlogsverklaring weer vol met beskuldigings teen my persoon.

Ons kan die nuwe stryd met baie meer gerustheid afwag. Ons is meer gehard, en Badoglios raak skaars in die Ossewabrandwag. Weer stel hy Brandwagte voor 'n keuse; hulle moet óf die O.B.-eed breek, òf die H.N.P. bedank. Ons sê: **,,Laat hulle u uitskop as hulle wil, maar moenie kies nie. Die man wat u dwing om kant te kies teen Afrikaners, is die man wat u dwing om te skeur.''**

Die ironie van sy hele uitbarsting is dat ons pas 'n maand gelede (te Maitland, op 22 Junie) openlik en ridderlik ons steun by 'n eventuele verkiesing aangebied het, as dr. Malan ewe openlik en ridderlik daarvoor sou vra.

**Hy het ons nou sy antwoord gegee. En tegelykertyd ook sy eie politieke oordeel uitgespreek.** Tensy verstandige manne in sy omgewing hom betyds kan beïnvloed — as verstandige manne in sy omgewing nog enige seggenskap het.

(Get.) J. F. J. VAN RENSBURG.
26 Julie 1944.

## SKITTERENDE SUKSES MET O.B.-DAG

**Worcester het verlede Saterdag 'n skitterende sukses gehad met hul O.B.-dagviering. Die Basaar alleen het £116 opgelewer, en na verwag word sal die insameling hierdie jaar op £250 te staan kom — vergeleke met £170 verlede jaar. Dit is bykans 'n verdubbeling. Genl. M. F. Smith het die funksie geopen.**

## *Ossewabrandwag se Stigting Was Belê vir 8 Augustus 1917*

### *Wou Politieke Party Eers 'n Kans Gee*

**● Die Ossewabrandwag se ontstaan word gekoppel aan 8 Augustus omdat dit die dag is waarop die ossewatrek in 1938 begin het en wat aanleiding gegee het tot die stigting van die Ossewabrandwag. Dit was totsover die enigste grond vir ons viering van 8 Augustus. Op hierdie dag kom ons kommando's byeen om in een groot poging hul organisasie van sy nodige strydmiddele te voorsien.**

**● Hierdie geskiedkundige datum gaan egter verder terug as 1938. Dit sou die werklike stigtingsdatum van die republikeinse volksbeweging gewees het, was dit nie vir die ingryping van die politieke party nie. In Julie 1917, dus 37 jaar gelede, is daar 'n groot republikeinse vergadering te Philippolis in die Vrystaat gehou. Op daardie vergadering was lede van alle partye teenwoordig, en daar is besluit om 'n republikeinse volksbeweging te stig wat uit alle republikeinse Afrikaners sou bestaan ongeag hul partyverband. Die stigtingsvergadering is belê vir 8 Augustus in Bloemfontein, en die bestuur wat daarmee belas was, het o.a. ook drie lede van die Suid-Afrikaanse Party bevat.**

**● Die stigting het egter nooit plaasgevind nie, want die Nasionale Partyleiding het 'n manifes uitgereik waarin lede van die Party versoek is om niks te doen wat aanstoot aan die Engelse burgers sou gee nie, en om nie met 'n beweging voort te gaan wat die Party sou verswak nie. Die gevolg was dat daar op 8 Augustus 1917 nie 'n Ossewabrandwag gestig is nie. Die volk het besluit om die politieke party nog 'n kans te gee.**

**● Meer as twintig jaar later het wyle genl. Hertzog, wat sy bes gedoen het om die Afrikaner langs die weg van partypolitiek te red, verklaar dat daar langs hierdie weg geen redding lê nie. Hy het met bitterheid gepraat van die ,,partykramer'' uit eie volk op soek na eie belang en eie eer binne eie party. ,,Die oorheersing en uitbuiting van die politieke party deur selfsoekers, is vandag die mees skroeiende skandaal in die lewe van die Suid-Afrikaanse partypolitiek.'' So het genl. Hertzog kort voor sy dood geskryf.**

**● Die partypolitiek het sy kans gehad, en die Ossewabrandwag, wat die uur van sy geboorte uitgestel het van 8 Augustus 1917 tot 8 Augustus 1938, staan vandag daar as die plaasvervanger van die ou stelsel wat misluk het.**

**● Op 8 Augustus gaan ons ons verjaardag herdenk en ons beweging sterk met die fondse wat hy broodnodig het in sy stryd teen kapitalisme en kommunisme.**

## 8 AUGUSTUS 1944

**Onderstaande verklaring is van die K.G. ontvang:**

**Dit is heeltemal duidelik dat dr. Malan en sy pers se aanvalle op die O.B. en sy poging om die Beweging verantwoordelik te hou vir die aanranding op mnr. Mentz in Johannesburg, gemik is op die sabotasie van ons Uniale 8 Augustusviering. Die eniste antwoord is: ,,Skouer aan die wiel en ignoreer die vyandige geskreeu!''**

**(Get.) J. F. J. van Rensburg.**

## *,,Man, Weet Jy Dan Nie . . . . ?''*

**Geruime tyd reeds is daar 'n georganiseerde skinderveldtog aan die gang teen die O.B.-Noodhulpfonds. Uit Natal het die Gebiedsleier keer op keer melding daarvan gemaak. So skryf hy onder datum 30 Junie 1944 as volg: ,,Ek weier om enige tjek te ontvang tensy dit uitgemaak is aan O.B.-Noodhulpfonds en moet ook gekruis wees — dit is vir die betrokke kommandant afdoende bewys dat die geld nie kan verdwaal by Gebiedskantoor nie, SOOS SO DIKWELS GESÊ WORD DEUR ONS H.N.P.-VRIENDE!''**

**In 'n ander brief verwys genl. Pienaar ook na sy noukeurige voorsorgmaatreëls en sê: ,,Elke tjek word uitgemaak aan Sekr. O.B.-Noodhulpfonds en gekruis na my gestuur sodat ek kan boekhou van Noodhulpgelde uit die gebied, en direk aan hulle gestuur. Ek kry die kwitansie, die kommando die getrekte tjek; dus is my kommandante die beste bewyse VIR H.N.P.-SKINDERY SOOS B.V.: ,,MAN, WEET JY DAN NIE ALLE NOODHULP EINDIG BY TOS PIENAAR HIER IN NATAL NIE?''**

**Dieselfde stories is ook in Transvaal versprei.**




JOHAN HEFER

BINNE 10 DAE

NADAT U MET MY KURSUS BEGIN HET, SAL EK BEWYS LEWER OM 'N NUWE MAN VAN U TE MAAK
OF
U FOOIE TERUG TE BETAAL.

- Geen ander kursus kan u hierdie waarborg gee nie.
- 15 jaar se ondervinding en studie van die menslike liggaam stel my in staat om u die beste afrigting per pos te gee.
- Hierdie kursus is die beste en goedkoopste (vir sy hoë gehalte) in die wêreld.

- Dit is oorspronklik, volledig, modern en pragtig geïllustreerd.
- U ouderdom of ambag is geen hindernis nie.
- Geniet die lewe deur gesond en sterk te wees.
- Baie Springbok-atlete en Kampioen Sportsmanne in die land is Hefer-leerlinge.

Skryf om besonderhede aan:

JOHAN HEFER — Posbus 8809 — JOHANNESBURG.

Stuur my asseblief, sonder verpligting, volle besonderhede omtrent u kursus.

Naam ........................................

Adres ........................................

........................................

# Neem Brood Uit die Mond Van Vaderlose Kindertjies

## Genl. Smith Betig Party-politici

**,,Laat my dr. Malan en die Cape Times, wat in bondgenootskap verenigd die Ossewabrandwag aanval, ook diegene wat hulle as handlangers daarvoor laat gebruik en die lede van die Transvaalse Sinode van die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk, wat ook 'n woordjie mee te praat gehad het in verband met die Mentz-episode, aan 'n paar feite herinner,'' skryf genl. J. A. Smith, Adjunk-K.G., na aanleiding van die nuwe oorlogsverklaring van dr. Malan.**

Die Ossewabrandwag het nog steeds na Volkseenheid gestrewe en nooit vegbendes georganiseer of aangemoedig om ander wat nie aan die O.B. behoort aan te val nie. Ek wil die Cape Times herinner aan sy geesgenote wat bloedige straattonele veroorsaak het, nl. hul aanval op die Transvaler- en die Vaderland-geboue in Johannesburg en hoe hulle Afrikaners in die stede vermink geslaan het. Ook aan die gespuis — ook geesgenote van die Cape Times — wat Die Burger-gebou aangeval het en afgeweer is deur die Ossewabrandwag.

Vir dr. Malan wil ek herinner aan die Klerksdorp-geval, waar een van sy L.V.'s 'n menigte partygenote gelei het in 'n stormloop en bloedvergieting en waar hy inderdaad voor die hof gedaag en beboet is vir sy gedrag. Dit is 'n ou verskynsel op Party-vergaderings dat mense aangevuur word deur haatdraende partygenote om mekaar stukkend te slaan en dr. Malan was baie keer die glimlaggende getuie van sulke taferele!

Nòg hy, nòg die Cape Times het ooit ná sulke gebeurtenisse gepleit vir die uitdelging deur die owerheid, 'n gewetenlose owerheid, soos wat ons tans het, van sulke partyskappe of om op te tree teen hulle.

In dierdie geval waar manne mekaar uitgelooi het en 'n partygenoot die slagoffer was van 'n loesing, word ten hemel geskree vir verdere vervolging en onderdrukking van die Ossewabrandwag, asof hy dit gedoen het.

Ons weet nie of die manne wat mnr. Mentz geslaan het, reg gehad het in hul beskuldiging dat hy die Noodhulpfonds afbreuk sou berokken het nie. Hy, altans, verklaar dat hulle hom daarvan beskuldig het en dat dit die rede is waarom hulle hom mishandel het. Miskien is dit nie hy nie, **maar ander partygenote van dr. Malan loop rond en steek kwaad teen die O.B.-Noodhulpfonds, waardeur hulle brood uit die mond van afhanklike kindertjies, wie se vaders in die konsentrasiekampe sit, neem. Hierdie mense doen dit waarskynlik in navolging van die Nasionale Pers se beleid, waarvan dr. Malan direkteur is, wat weier om betaalde advertensies aan te neem vir die Noodhulpfonds en daardeur ondersteuning daadwerklik probeer onderdruk.**

Lede van die bogenoemde Sinode wat nie die oorsaak van die slanery op voorstel van ds. Stander ook wou afkeur nie, wil ek aan die volgende herinner: Nòg in die geval van die Klerksdorp-episode, nòg in enige geval waar mense onderling baklei het, maar nog minder in die geval waar dr. Malan die volk verskeur deur sy optrede, het hulle ooit 'n woord van waarskuwing laat hoor. **Hierdie selfde lede van die Sinode behoort te weet dat hul Moderatuur ds. Stander gedwarsboom het in sy werk vir die insameling van fondse vir die Noodhulpfonds. Hulle het nl. aan hom meegedeel dat as hy sy bediening tydelik neerlê om gelde vir die Noodhulpfonds in te samel, hy sy status as predikant sou verbeur.** Nou weer weier hulle 'n voorstel van ds. Stander wat hom uitspreek teen die oorsake van die onderlinge stryd en onverdraagsaamheid, wat veroorsaak word en aanleiding gee tot sulke betreurenswaardige episodes as waaroor nou gekla word.

Ons keur beide oorsaak en gevolge af soos ds. Stander dit reeds deur sy voorstel in die Sinode probeer doen het.

Dr. Malan het 'n beroep op ander Afrikaners gedoen om die stryd teen die Ossewabrandwag, sy mede-Afrikaners, aan te knoop en sodanig en op so 'n wyse dat die stryd ,,kort. van duur en beslissend'' moet wees. As dit Christelik is, dan is ook die aanranding op mnr. Mentz gepleeg Christelik, ten minste minder onchristelik, want hier geld dit een persoon en in die ander gevalle die ganse volk, in stryd en tweedrag en in trane, tot onderlinge onverdraagsaamheid en vervolging aangespoor deur dr. Malan en sy pers, soos Die Burger se hoofartikel van 27 Julie weer getuig.

(Get.) J. A. SMITH.

## HELDE GEHULDIG OP LICHTENBURG

In April 1943 is onder die aandag van 'n O.B.-offisier gebring dat daar 'n verwaarloosde graf van sewe Burgers wat in die Tweede Vryheidsoorlog gesneuwel het, op Gruisfontein lê. Dadelik is die graf deur Boereseuns en -dogters skoon geskoffel en die klippe weer reggepak. Daar is toe 'n kommissie van vier O.B.-lede benoem om in die openbaar leiding te neem. In samewerking met die publiek en S.A.V.-Federasie, Lichtenburg, is op 10 Junie ll. 'n pragtige monument onthul ter ere van die sewe helde.

Ds. A. Postma van die Geref. Kerk Ventersdorp, het op 'n passende wyse die Godsdiens waargeneem. Sen. S. Alberts, gewese Kommandant van die gesneuweldes, en ander oudstryders het die verloop van die slag geskets en hulle waardering vir die werk wat gedoen is, uitgespreek.

'n Ossewa het gedien as verhoog vir die sprekers en 'n koor van die Welgevonde-skooolkinders het die verrigtinge opgeluister deur die sing van ,,Gedenk'' en ,,Slaap rustig dapper helde''.

Verskeie kranse is gelê, waaronder 'n krans deur die O.B.-Vroue- en Manskommando's van Lichtenburg asook 'n krans namens die Geref. Kerk Lichtenburg.

*,,Die daad is alles, niks die roem. . . .''*
*— GOETHE.*

Wil u 'n medeboumeester word van die grootste ekonomiese Volksmonument in ons land?

*Raadpleeg*
**ASOKOR BPK.**
Posbus 402, BLOEMFONTEIN.

Die Laaste Paar Items In Eeufeesaandenkings

*Bestel Nou ! ! !*

**SLEUTELKETTINGS 1/6**
Posgeld 2d,
**FAKKELLOOPPENNINGS 2/6, Egte Silwer 30/-**
Posgeld 4d.
**EEUFEESMEDALJES 1/-**
Posgeld 2d.

Ons is volledige MANS-, DAMES-, SEUNS- UITRUSTERS en SNYERS.

**Uniewinkels**
Kerkstraat 275, PRETORIA.
Takke:
KAAPSTAD, JOHANNESBURG, BENONI, VEREENIGING.

**VAN ZYLS**
MANS-, SEUNS- EN SPORTUITRUSTERS.
BESOEK ONS VIR AL U BENODIGHEDE.
**DIE PAARL**
OOK TE PORTERVILLE.

*U MOET DIT LEES!*
**,,'N VOLK OP TREK''**
of
*'N KORT GESKIEDENIS VAN DIE ONTSTAAN VAN DIE OSSEWABRANDWAG.*
Geskryf in opdrag van die Groot Raad deur
PROF. DR. A. J. H. VAN DER WALT,
(Sekretaris van die Groot Raad)
In die 137 bladsye van hierdie boek vind u die feite omtrent die pynlike broederstryd wat teen die O.B. ontketen is en hoe ons Volksbeweging dit oorleef het.
Prys 3/3 posvry.
*Oplaag beperk. Bestel dadelik van:*
PUBLICITÉ HANDELSREKLAMEDIENS (EDMS.) BEPERK,
Posbus 4892, JOHANNESBURG.

**PLUIMVEE**
Die Beste Firma om u PLUIMVEE, EIERS en ander PRODUKTE aan te stuur is:
C. M. ELOFF EN KIE.
(Edms.) Beperk
MOREMARK (Posbus 7185) NEWTON

**G. A. FICHARDT, Beperk**
(Lid Afrikaanse Handelsinstituut)
MASJINERIE, YSTERWARE, PRODUKTEHANDELAARS
Foon 700 Opgerig 1848
**BLOEMFONTEIN**

**GILFILLAN en STROH**
Die 100% Afrikaanse Fietshandel.
Ons spesialiseer in fietsreparasies; Koop en verkoop van gebruikte fietse; Handel met nuwe fietse en fietsonderdele.
Ons waarborg alle werk.
KERKSTRAAT 57B - - POTCHEFSTROOM.

AS U 'N PLAAS OF HUIS WIL KOOP OF VERKOOP,
raadpleeg eers
**PRAEDIUM AGENTSKAP**
Algemene, Boedel, Eiendoms, Assuransie en Finansiële Agente.
Zimansgebou 9–10, H/v. Mark- en Harrisonstr., Posbus 6072, Johannesburg.

WIL U 'N ORDENTLIKE PAK KLERE LAAT MAAK?
Besoek dan
**RAUTENBACH'S**
DIE DAMES EN MANS KLEREMAKERS
Voortrekkergebou 301 (Derdevloer)
Foon: 229535. JOHANNESBURG.

**W. VOIGT (Eiens.) Bpk.**
Fabrikante van
Kelder- en Besproeiings-masjinerie.
Bus 10, .. HUGENOOT, K.P.

ONDERSTEUN ! ! ! !
**Poskantoor Haarkappers**
Kerkstraat 173 - - - - - - PRETORIA
vir
DAMES en MANS
Eienaar: NEEF HENDRIK VAN DER WALT

**EIERS VOLOP**
As u JAMOL Lêmeel gebruik.
Hoenders is gesond en lewendig
Oortuig uself.
VOEG U EIE MIELIEMEEL BY.
25/- per sak van 150 pond.
Kontant of K.B.A.
**JOHAN MOLLER**
Foon 9. AMERSFOORT. Posbus 27.

Die
**GOEIE OUE TYD!**
KOM
EN HULLE KOM MET
*GEWELD!*
*Geselskap:*
**PIERRE DE WET**
ANNA NEETHLING-POHL
PAULA STYGER
GERT VAN DEN BERGH
JAN CRONJÉ
*Sien asseblief plaaslike aankondigings.*

# Brief Aan My Demokratiese Vriend

## Parlement Net 'n Advertensie-Venster

Geagte Volksgenoot,—Ek kry onlangs 'n brief van 'n vriend wat vra dat ek hom die Hansards van die afgelope parlementsitting moet aanstuur sodat hy kan lees wat sy party vir die boere gedoen het . Ek het toe aan hom geskryf dat ek die goed vir hom sal stuur vir tydverdryf, maar dat hy eers moet oorweeg of dit nodig is om in boeke te lees wat daar vir die boerdery gedoen word. **Bevordering van die boerdery is mos nie iets wat mens van lees nie, maar wat jy met jou oog kan sien!** Ek is 'n boereseun wat op 'n plaas groot geword het. As ek wou kyk of die plaas bewerk word, het ek nooit na my vader se kopkussing gaan kyk waar hy sy planne gelê en uitdink het nie, maar ek het gaan kyk of daar op die bult geploeg en geskoffel word. **Die duik op die kussing waar my vader se verstand besig was met plannemaak, is vir my van minder belang indien daardie planne nie in dade omgesit word nie. Hoofsaak vir my was of die stof agter die eg of die skoffel uitslaan, en nie of daar 'n duik in die kussing is wat blyke gee dat iemand daar gelê en planne uitdink het nie.**

Net so gaan dit met ons volk vandag, en veral die boere. Die demokratiese regeerders gaan sit vir vyf maande lank in die parlement. Hulle noem dit dan ook 'n „sitting". Daar beoorlog hulle mekaar en van elkeen se mond tap net soet woorde oor beter bemarking, beter distribusie, hoër pryse, ens. **— alles net om met mekaar te wedywer by die volk.** In Hansard word dan die langste en mooiste toesprake opgeteken, daar word kommissies van ondersoek aangestel, daar word aangekondig van duisende en duisende huise wat vir die volk gebou gaan word, ens., ens., **maar my vriend, as jy na die praktyk kyk, sien jy nie meer mooi woorde nie, maar lees jy op elkeen se gesig net ellende en kommer. In die praktyk is daar 'n warboel op die mark, is daar gebrek aan voedsel, is daar hoë pryse vir die verbruiker, is daar te min huise. Daarvoor het jy nie 'n Hansard nodig nie. Van al daardie mooi woorde in die parlement en in Hansard het nog nooit iets gekom nie.**

Die Opposisieparty — maak nie saak wie hulle is nie — is verplig om alles te opponeer wat die regering voorstel. Hulle kom met hul eie program van wysheid nie omdat hulle oortuig is dat wat hulle voorstel, beter vir die volk is nie — want as hulle aan bewind kom voer hulle niks of baie min daarvan uit **— maar net om hulself by die volk te adverteer met die oog op die volgende verkiesing,** en die regerende party doen dieselfde. Hy doen niks, maar moenie dat hy weer die opposisie word nie, dan wil hy die wêreld versit met mooi planne.

**VOORBEELD**

Miskien sal jy sê ek praat kaf. Ek wil daarom my bewering staaf met 'n pragtige voorbeeld onlangs uit die demokratiese Kanada. 'n Maand gelede het daar in ons koerante 'n berig van Reuter verskyn oor die uitslag van 'n verkiesing in die provinsie Saskatchewan, Kanada, toe 'n nuwe sosialistiese party die ander partye sommer ver uitgestof het. Die twee ou partye het so 'n loesing gekry dat hulle hul morsdood geskrik het. Nou skryf Reuter as volg: **„Die uitslag in Saskatchewan sal waarskynlik 'n dolle mededinging afgee tussen die Liberale en Konserwatiewe Partye in 'n poging om hul politieke programme na die gewone man te skik.** Die federale parlement wat nou sit, sal waarskynlik allerhande soorte wetgewing deurloods, van arbeids- tot pensioene-wetgewing, en van minder belasting op lae inkomstes tot uiterste belastings op kapitalise."

Nou skielik, toe hulle sien die „gewone man" gee die deurslag by die stembus ten gunste van 'n sosialistiese program, wil hulle ook hul politieke programme skik na die gewone man. **Hulle het al die jare kans gehad om iets te DOEN vir die „gewone man", maar toe het hulle mos veilig in die kussings gesit. Nou dat die kussings in gevaar kom, is hulle bereid om iets te doen vir die gewone man by wyse van arbeidswetgewing en pensioenewetgewing — nie omdat hulle sulke wetgewing in belang van die gewone man beskou nie, maar omdat dit die gewone man miskien sal oorreed om volgende keer weer vir hulle te stem.**

My vriend, dit is partypolitiek, en dit is daarom dat die Ossewabrandwag klaar is daarmee. Ons verkies 'n volkstaat wat terwille van die volk sal regeer en nie terwille van 'n stembusoorwinning vir homself nie.

## O.B. BY REGERING AANGEKLA

● Op 14 Nov. 1941 het dr. D. F. Malan ernstige beskuldigings van geweld en misdaad teen die Ossewabrandwag op die Paarl ingebring, waarvoor die Regering by monde van min. A. M. Conroy hom in die parlement bedank het. 'n Paar weke na dr. Malan se onthullings het die Regering die grootste interneringsveldtog van stapel gestuur wat ons nog beleef het. Duisende kindertjies is in een oomblik vaderloos gestel. **Die Ossewabrandwag het ingegryp en sedertdien maandeliks om en by die £2,000 aan hul versorging uitbestee.**

●..Dr. Malan en sy handlangers het daarop die regering verwyt dat hy nie streng genoeg teen die leiers van die

(Vervolg van vorige kolom)

Ossewabrandwag optree nie, wat eintlik verantwoordelik is vir die rebellieplanne teen die Regering. Nogtans het dr. Malan nie daarin geslaag om die Ossewabrandwag met behulp van die regering te vernietig nie. **Daarna het sekere politici 'n lasterveldtog op tou gesit teen die O.B. se Noodhulpfonds, omdat dit die krag van die O.B. openbaar. Desondanks het die O.B.-Noodhulpfonds gegroei.**

● Tans roep dr. Malan wéér die hulp van die Regering in. „Die leiers van die Ossewabrandwag is verantwoordelik vir die gewelddade," verklaar hy, en sy Transvaalse leier, mnr. J. G. Strydom, stel die oproep aan die regering as volg: **„Ek stel die vraag of hierdie dade nie die regstreekse gevolg is in die eerste instansie van die gebrek aan doeltreffende optrede deur die Minister van Justisie en in die tweede instansie van dr. Van Rensburg se aanhitsende toesprake en uitlatings nie." (Die Burger, 27 Julie.)**

● **Dit is duidelik dat die bedoeling van hierdie oproepe en beskuldigings is dat die regering die O.B. moet belet en sy leiers in die tronk stop.**

● **Wat van die duisende afhanklike kindertjies gaan word wat die O.B. versorg, laat die politici blykbaar koud.**

## DEUR VOL RIVIERE MET VET HOENDERS

### O.B.-Basaar Lewer £115

Hierdie jaar het die Veldkornetskappe van Hazenjacht en De Rust hul jaarlikse basaar vir Ossewabrandwag-dag op 8 Julie te Hazenjacht by komdte. mev. Charles du Plessis gehou. **Ondanks die triestige weer en reën was die opkoms besonder goed en kon die mooi bedrag van £115 bymekaar gebring word. Sommige van die lede wat 9 myl ver bly, en wat nie die riviere per motor kon deur nie, het hulle nie laat keer nie. Nadat hulle deur sterk riviere moes loop, het hulle eindelik omstreeks 6-uur per goederetrein aangekom met baie vet hoenders en ander gebak.**

Die gees onder lede en nie-lede was van die beste en geld het gerol.

Die orkes het die funksie veraangeaam met lekker Boeremusiek.—(Meegedeel.)

## LICHTENBURG SE O.B. HOU STRAATKOLLEKTE

Die straatkollekte wat op Lichtenburg op 17 Junie gehou is tot ondersteuning van die Noodhulpfonds het £17-18-1 opgebring. Die dames word bedank vir hul ywer in dié verband.

Die O.B.-kommando's is druk besig om te organiseer vir 8 Augustus.—(Ingestuur.)

KOOP NOU!!!

O.B.-SKRYFBENODIGHEDE.

Beste kwaliteit voor oorlogse papier.

SKRYFBLOK MET 1 PAKKIE BYPASSENDE KOEVERTE

*3/- posvry*

Kontant met bestelling.

Bestel dadelik van:

GEBIEDSHOOFKWARTIER

Sanlamgebou 20, CRADOCK.

U SAL HOU VAN ONS . . .

- Jasse
- Snyers-Baadjiepakke
- Wolbaadjies
- Velthoede

Steyns

Parow se Moderne

DAMESMODISTE

Voortrekkerweg — PAROW

MÔREMARK PRETORIA

●

BOERE! vir die beste dienste, stuur u produkte, eiers, en lewendehawe, aan ons vriende

*PRINSLOO & VENTER*

WELGEMOEDGEBOU

Bus 361 Telefoon 2-2208

PRETORIA

Schoemanello Drank....

VIR KWALITEIT EN TEVREDENHEID DIE GOODKOOPSTE

| | Per Bottel van 1 tot 12 in 12-bottel kissie. | Per Gelling in vaatjies van 5 gels. of meer. |
|---|---|---|
| **WYNE:** | | |
| Fonkelwyn .. .. .. .. .. .. .. | 7/- | — |
| Lewenswyn .. .. .. .. .. .. | 3/9 | — |
| Vermouth .. .. .. .. .. .. .. | 3/- | — |
| Hanekraai — Cocktail .. .. .. | 4/- | — |
| **SOET WYNE:** | | |
| Likeurwyn en Ou Port .. .. | 2/6 | 11/- |
| Ou Wit Port en Sauterne .. | 2/6 | — |
| Port, Rooi Soet Muskadel, Wit Soet Muskadel .. .. .. .. | 1/8 | 8/- |
| Jeripigo, Rooi en Wit .. .. | 1/9 | 8/6 |
| Worcester Hock en Pontak .. | 1/7 | 7/6 |
| **SJERRIES:** | | |
| Amontellado (Droë), Kimberley Klub (Droë), Ou Bruin (Soeterig), Ou Oloroso (Soet), .. .. | 2/9 | — |
| Goue (Soet) .. .. .. .. .. .. | 2/6 | 10/- |
| Spesiale (Soeterig) .. .. .. .. .. | 1/6 | 7/3 |
| Sjerrie (Soeterig) .. .. .. .. .. | 1/5 | 6/9 |
| **DROË WYNE:** | | |
| Burgundy .. .. .. .. .. .. .. | 1/9 | — |
| Claret en Wit Droë .. .. .. | 1/6 | — |
| **BRANDEWYNE:** | | |
| Super de Luxe .. .. .. .. .. | 8/6 | — |
| De Luxe .. .. .. .. .. .. .. .. | 7/6 | 39/- |
| Ekstra Spesiaal .. .. .. .. .. | 7/- | 37/- |
| F.C. .. .. .. .. .. .. .. .. .. | 6/6 | 36/- |
| Buchu .. .. .. .. .. .. .. .. | 7/6 | — |
| **JENEWER** .. .. .. .. .. .. .. | 7/6 | — |
| **LIKEURS:** | | |
| Creme de Cacao .. .. .. .. .. | 7/6 | — |
| Goue Manderin, Curacao, Kummel, Piesang, Perske, Appelkoos | 7/- | — |
| Naeltjie .. .. .. .. .. .. .. .. | 6/6 | — |
| Kersie, Anys, Gemmer, Lemoen, Van der Hum, Peperment .. | 6/6 | 34/- |
| **JENEWER-LIKEURS:** | | |
| Lemoen en Suurlemoen .. .. | 7/6 | — |

5% of 1/- per £ afslag wanneer Kontant met Bestelling gestuur word.

Voeg by 5/- vir kissie en bottels, en 15/- vir vaatjie wat vergoed sal word by terugsending. Ons lewer drank in ons inhouers solank ons voorrade van inhouers het, en alleenlik op voorwaarde dat die inhouers binne sestig dae aan ons terug besorg word. Weens bottel skaarste kan ons alleenlik in ons eie bottels, kissies drank verpak, waar sulke drank 'n minimum prys van £1-5-0 beloop (5/- vir inhouers ingesluit). Indien goedkoper kissies verlang word moet u u eie inhouers aan ons stuur.

Word verkoop in 12-bottel-kissies of 5-gellingvaatjies of groter. U kissies van 12 bottel kan Wyn, Brandewyn, Jenever, Likeur, Vermouth en Hanekraai bevat. Terme:— K.M.B. plus treingeld na sylyne, K.B.A. plus treinkommissie. V.O.S. OUDTSHOORN.

Bestel van

JURGENS SCHOEMAN,


POSBUS 142, — OUDTSHOORN.

*U KAN*

*DIE NUUTSTE EN BESTE*

SKOENE

Tuis Uitsoek



*AL WOON U OOK WAAR IN ONS LAND!*

Skryf slegs wat U verlang.

Ons stuur Skoene op sig per pos of spoor.

De Bruyn se Posbestellings (Edms) Bpk.

KERKSTRAAT 143 PRETORIA.

*£1000 vir u Oë*

Sekerlik nie — Gee hulle dan die geringe aandag wat hulle toekom.

*DUWAS*

*Die Antiseptiese en Helende Oogwas.*

'n Spesialiteit se Voorskrif vir moegheid, branderigheid, spanning, rooiheid, inflammasie, waterigheid en gevoeligheid van die oë vir skerp lig en stof.

Van alle Apteke, of direk van

DIE VOORTREKKER-APTEEK

KERKLAAN, ADDERLEYSTRAAT, KAAPSTAD, (Bus 2760).

MAITLANDSTRAAT 37A, BLOEMFONTEIN, (Bus 765).

ANDRINGASTRAAT (BARCLAYS BANK-GEBOU), STELLENBOSCH.

DIE O.B., WOENSDAG, 2 AUG. 1944.

# 'n "Nuwe" Oorsaak

Die stryd teen die Ossewabrandwag het weereens ontvlam. Dr. Malan het dit raadsaam geag om alle lede op te roep om die organisasie te bedank waaraan hulle vyf jaar lank gearbei het en waarbinne hulle die lotsgemeenskap gekweek het van een vir almal en almal vir een. Dr. Malan het dit raadsaam geag vir sy party om die Ossewabrandwag weer aan te val op die oomblik wanneer ons volk juis hierdie organisasie die nodigste gaan hê in sy stryd om selfbehoud teen 'n vloedgolf van kommunisme. **Is dit blote toeval dat hierdie oproep van die partypolitieke leier juis volg op Die O.B. se beroep op alle liggame om 'n verenigde front te sluit teen die Bolsjewistiese gevaar? Is dit blote toeval dat hierdie aanslag van dr. Malan juis kom op die oomblik wanneer alle Engelse blaaie in paniek verkeer oor die vordering wat die Ossewabrandwag onder die werkers maak in sy stryd teen die kommunistiese bedreiging? en wanneer lede van dr. Malan se Party weer by tientalle by die O.B. begin aansluit?**

Presies drie jaar gelede het dr. Malan die volk opgeroep tot onderlinge uitwissing op 'n tydstip toe dit vir elkeen duidelik geword het dat die Ossewabrandwag soos 'n magneet alle volkskragte tot hom trek en die party waarvan dr. Malan die leier was, besig was om 'n natuurlike dood te sterf. Toe is die Ossewabrandwag die verwyt gedoen dat hy 'n politieke organisasie geword het en daardeur die heilige terrein van dr. Malan se party betree. Die Transvaalse leier van die H.N.P., adv. J. G. Strydom, het in 'n oomblik van openhartigheid volgens sy eie koerant die rede vir die stryd as volg gegee: **,,Die gedagte is stelselmatig verkondig dat dit die O.B. is wat die republiek en die verlossing van die Afrikanerdom sal bring. As die O.B. nou die republiek gaan bring, wat bly dan vir die Party oor?" (Die Transvaler, 3 Nov. 1941.)**

**BANG VIR EENHEID**

Net soos tans, is die stryd toe ook begin kort nadat met medewerking van die Ossewabrandwag 'n poging aangewend is om alle kragte binne 'n sogenaamde eenheidskomitee te verenig. Dr. Malan het later geweier om hierdie komitee se verrigtings by te woon, **want dit het duidelik geword dat hierdie eenheidsfront nie bevorderlik was nie vir die behoud van 'n politieke party wat sy geïsoleerde bestaan alleen kan bevorder in 'n dampkring van verdagmaking en broedertwis. Neem broedertwis weg en vervang dit deur volkseenheid soos indertyd deur die Ossewatrek gebring, en die hongerdood staar 'n politieke party in die oë, want 'n party is gebaseer op volksverdeeldheid. Bring volkseenheid, en jy neem die fondament weg van die politieke party.** Die leiers van 'n party verlang alleen eenheid as daardie eenheid **binne hul eie party** bewerkstellig kan word. En as 'n ander organisasie dreig om die hele volk te verenig deur die uitskakeling van twis en tweedrag, moet daardie organisasie dood, of die party sterf.

Dít was die motief vir die stryd drie jaar gelede: die magsontplooiing van die Ossewabrandwag en die eenheidsbeweging onder die volk.

Nadat die Ossewabrandwag die oorlog aangesê is en dr. Malan 'n beroep op die volk gedoen het om die stryd ,,kort en beslissend" te maak, is daar baie redes vir die stap aangevoer. Dr. Van Rensburg sou toe met Smuts geskakel het, want geen O.B. sou dan meer geïnterneer word nie. Ook sou dr. Van Rensburg met Hitler skakel en nasionaal-sosialisme wil invoer en sou hy 'n rebellie — 'n onafrikaanse daad — teen Smuts wil organiseer. Dit is aan die volk voorgehou as redes vir die stryd. Vandag weet die volk dat hierdie dinge pampoenspoke was waaragter die werklike motief van partypolitieke jaloesie verberg moes word.

**WEER SO**

Dat ons nou 'n tweede oorlogsverklaring kry **juis op die tydstip dat die Ossewabrandwag weer dreig om die hele volk tot hom te trek, veral in die werkersgeledere, en juis op die tydstip wanneer daar van hom 'n beroep uitgaan tot 'n eenheidsfront teen buitelandse gevare, onderstreep slegs verder die aaklige motief waarvan ons volk slagoffer geword het op 'n oomblik wanneer sy lot in die weegskaal hang.** Die dekmantel hierdie keer is nie meer ,,politieke terrein" wat die O.B. sou betree nie, want ons mense bely openlik dat hulle daardie terrein betree en wil betree. Nou is die groot oorsaak 'n pakslae wat 'n politikus van 'n paar individue ontvang het. Ons volk sou dan nou uitgelewer wees aan 'n onafrikaanse gees van geweldpleging. **As geweldpleging egter die oorsaak vir die stryd moet wees, dan sou 'n mens verwag dat dr. Malan sy party sou ontbind het toe twee van sy parlementslede gehelp het om 'n Minister van die verhoog te ,,ontvoer" en sy oë toe te slaan. Dan sou mens verwag het dat dr. Malan die ,,gewelddadigheid" kort gelede in Wakkerstroom sou veroordeel het toe sy politieke agente die een vergadering na die ander opgebreek en vuishoue hot en haar uitgedeel het.** In plaas daarvan egter het sy koerante met dubbelkolom-opskrifte gespog dat hul mense 'n Minister ses uur lank belet het om te praat en dat die vergadering met geweld opgebreek is. **Sou die feit dat in die een geval 'n lid van die Verenigde Party met geweld begroet en in die ander geval 'n lid van die H.N.P. te lyf gegaan word, al die wêreld se verskil maak? Of sou die feit dat in die een geval dit ondersteuners van dr. Malan is en in die ander geval moontlik ondersteuners van die Ossewabrandwag kan wees wat geweld gepleeg het, die grote verskil maak dat die volk tot nuwe stryd opgeroep moet word?**

Ons glo nie dis nodig vir die Ossewabrandwag om hierdie nuwe oorlogsverklaring ernstig op te neem nie. Drie jaar gelede, toe ons baie swakker gestaan het as nou, kon die swaarste aanvalle van die politici ons nie vernietig nie. Watter hoop het hulle vandag **nadat ons die spit van die republikeinse stryd afgebyt en alleen die versorging waargeneem het van die slagoffers in daardie stryd? Ja, nie net alléén nie, maar selfs ten spyte van boikot en 'n lasterveldtog teen ons Noodhulpfonds van hulle kant?**

# Omdat Hy Kans Sien

Soos meermale het Die Burger in sy gretigheid om die beslissende hou te slaan ook nou weer die kat uit die sak laat glip. Die motief vir die nuwe oorlogverklaring van dr. Malan is nie om gewelddadigheid teen te gaan nie, **want teen geweld het hy nog nooit enige beginselbeswaar gehad nie.** As hy dit gehad het, sou hy die volk daarteen gewaarsku het toe sy ondersteuners vergadering na vergadering met geweld opgebreek het; sou hy gewaarsku het toe jong manne 'n Lamont geteer-en-veer het; sou hy gewaarsku het toe daar in 1922 oorgegaan is tot 'n gewelddadige staking aan die Rand, en sou hy gewaarsku het toe daar in 1914 mense opgeroep is om te rebelleer. In plaas daarvan beroem hy hom daarop dat hy 'n simpatiseerder was van manne wat indertyd die geweld gepleeg het. Daardie manne word vandag as geskiedenismakers deur die volk geëer **en so trots is dr. Malan op hul dade dat hy 'n paar jaar gelede met gretigheid op die motor van 'n Rebelle-generaal wou ry — en sou gery het, was dit nie dat iemand die motor se wiele voor die tyd ontvoer het nie.**

**,,DUITSLAND"**

Dr. Malan het dus nie nodig gehad om te wag tot 25 Julie 1944 om die volk teen geweld te waarsku nie. Maar nou kom Die Burger in sy hoofartikel van 27 Julie met die hele sak patats te voorskyn. **Daarvolgens blyk dit glashelder dat die eintlike motief vir die nuwe oorlogverklaring is DAT DR. MALAN DIE BUITELANDSE TOESTAND TANS BESKOU AS GUNSTIG VIR 'N FINALE POGING OM DIE OSSEWABRANDWAG TE BREEK. Hy verklaar dat die O.B. al sy hoop vir 'n republiek op Duitsland gebou het, maar nou het Duitsland verloor — so sê Die Burger — en daarom moet die volk die O.B. nou los en na die H.N.P. gaan, wat, blykens Die Burger, baie bang was vir 'n republiek wat Duitsland ons present sou gee** ,,omdat", aldus Die Burger, ,,dit nou wel nie 'n republiek sou gewees het soos die groot meerderheid van hul volk dit begeer nie, maar 'n staat waarin die burger minder seggenskap sou gehad het as die brandwag in die O.B." **Dit pas Die Burger natuurlik nie nou om te verwys na dr. Malan se beroep op Hitler 'n paar jaar gelede om ons so 'n republiek te gee nie!**

Dr. Malan se hoofmotief was nog altyd om die Ossewabrandwag dood te maak sodat nie hy nie, maar sy party die republiek kan bring, soos adv. Strydom erken het. **Hy moes sy openlike stryd staak omdat die Ossewabrandwag te sterk was en die volk dit nie goedgekeur het nie. Nou lyk dit vir hom of die tyd ryp is vir 'n nuwe offensief teen die O.B. omdat Duitsland ,,die oorlog klaar verloor het". Hy vergeet egter dat hy 'n paar jaar gelede op Graafwater voorspel het dat ,,Engeland die oorlog klaar verloor het," en dat hy daarna 'n beroep op Hitler gedoen het om hom die republiek te gee. Hy kan wellig weer verkeerd wees in sy oordeel.**

**As Duitsland die oorlog verloor, is Europa kommunisties soos Italië dit vandag reeds is. Geen demokratiese party kan die kommunisme keer nie. As dr. Malan sou slaag om die O.B. te vernietig, sal nie hy in Suid-Afrika regeer nie, maar die kommunistiese Jodedom.**

# 'n Oorsig van die Huidige Militêre Posisie in Europa.

**(DEUR PROF. J. A. WIID.)**

Die militêre posisie aan die verskillende Europese oorlogsfronte het gedurende die laaste vier weke ten nadele van die Duitsrs ontwikkel. Aan die Normandiese invalsfront het die Amerikaners en Britte nie alleen daarin geslaag om hul kushoof te handhaaf nie maar ook om dit verder uit te bou. Niemand sal met reg kan beweer dat die inval volgens Brits-Amerikaanse program of die afweer volgens Duitse program plaasgevind het nie. Die waarheid is dat die Angel-Saksers daarin geslaag het om in Frankryk te land en dat hulle vandag in die posisie is om mense en materiaal in groot hoeveelhede hier in die geveg te stoot. Die waarheid is ook dat die Duitsers hier in Frankryk die hardnekkigste weerstand bied, dat die verliese aan mense en materiaal vir albei kante, vir die invallers waarskynlik hoër as vir die verdedigers, swaar is. Dit staan ook vas dat daar van 'n algemene Franse opstand teen die Duitsers nog geen sprake is nie en dat Cherbourg, wat deur die Duitsers onbruikbaar gemaak is, geen voldoende voorsieningshawe vir groot Geallieerde strydmagte in Frankryk sal uitmaak nie as die herfstorms oor 'n paar maande aan die kanaalkus losbars, selfs al word hierdie hawe intussen volkome herstel. Dit lê dus voor die hand dat die Geallieerdes nie alleen hul kushoof in Frankryk sal probeer versterk en vergroot nie, maar dat hulle ook kragdadige pogings sal aanwend om nuwe Franse voorsieningshawes in hul besit te kry.

Wat die Italiaanse front betref, kan die Geallieerdes ook hier op vordering en suksesse aanspraak maak. Dit staan egter vas dat die Italiaanse front nooit meer as van sekondêre betekenis kan wees nie, dat die Geallieerdes nog oor die Apennynse bergreeks moet kom en dat die Brenner (die Alpe) vandag veel minder in Angel-Saksiese voorspellings voorkom as 'n jaar gelede.

**Die Russiese Front**

Veel indrukwekkender as die Angel-Saksiese offensief in Frankryk en Italië is die Bolsjewistiese vordering aan die oostelike front. Tussen die Karpate-gebergtes en die Baltiese see het die Russe gedurende die afgelope maand groot vooruitgang gemaak. Die Rooi leërs staan vandag voor die poorte van Warschau, die Poolse hoofstad, en gevaarlik naby die grens van Oos-Pruise. Die Russe het op verbasende wyse daarin geslaag om 'n geweldige druk op die Duitsers te handhaaf tenspyte van lang verbindingslyne oor 'n terrein wat met die verwoestinge van die oorlog kennis gemaak het.

Die geweldige kragsontwikkeling wat die Rooi leërs sedert die end van 1942 (Stalingrad) aan die dag gelê het, het tot allerlei bespieëlinge aanleiding gegee. Is die Russe wat gedurende die jare 1941 en 1942 so geweldig deur die Duitsers geslaan is, werklik so sterk soos hul suksesse sedert daardie tyd skyn aan te dui of het die Duitsers intussen hul ou strydgees en vegmoraal verloor? Waarom trek die Duitsers sedert Stalingrad, sonder om 'n tweede Stalingrad te ly, nog altyd terug voor die Russe terwyl hulle in Italië en Frankryk tog hardnekkige weerstand bied? Is die Russiese Kolos miskien soveel sterker as sy Westerse bondgenote en indien dit so is, wat dan omtrent die sogenaamde Europese magsewewig na hierdie oorlog? Bestaan daar miskien een of ander geheimsinnige verstandhouding tussen Russe en Duitsers, soos sommige mense beweer?

**Vir die Duitsers staan die Wysers van die Horlosie op 11.15**

Hoe die leek ook al oor hierdie dinge skryf en dink waaroor hy tog nie die nodige informasie beskik nie. staan dit vas dat grootmoondhede se doen en late voorgeskryf word deur eie belange en nie deur die belange van bondgenote nie. Ook staan dit vas dat die oorlog vir die Duitsers, hoofsaaklik as gevolg van die Russiese mag, 'n kritieke stadium bereik het. Hoewel daar op die oomblik nog geen vyand op Duitse bodem staan nie, sal Hitler se leërs binne die volgende paar maande iets meer moet doen as vreemde gebied prysgee teneinde iets veel ergers as 'n tweede Versailles te vermy. Vir die Duitsers staan die wysers van die horlosie op 11.55. Dit weet die Duitsers net so goed as hul vyande.

Toe daar onlangs 'n mislukte aanslag op die lewe van Adolf Hitler gemaak is, het Reuter welsprekend geword oor die inwendige verdeeldheid wat nou eindelik in Duitsland sou ingetree het. Die diagnose was dan ook somaar dadelik: inwendige kanker. Toe hierdie sensasionele nuus, wat wel daarin geslaag het om aandele op die beurse van Nu-York en Londen tot nuwe hoogtes te laat styg en kolomme van ons koerante in hierdie tyd van papierskaarste, in beslag te neem, 'n paar dae oud was en 'n meer nugtere diagnose die aanwesigheid van 'n paar slegte tande vasgestel het, was dit dan ook uit met hierdie storie van inwendige verdeeldheid.

Nugter mense behoort dan ook met die moontlikheid rekening te hou dat nog baie water in die see sal loop voor die horlosie 12-uur sal slaan vir 'n land wat sy inwendige eenheid kan handhaaf en rewolusionêre uitvindsels soos vliegende bomme oor die Kanaal stuur.

# OSSEWABRANDWAG-DAG

Ossewabrandwagdag sal feestelik gevier word in Gebied ,,A", op die volgende plekke. Waar die plek en tyd nie aangegee word nie, sal dit plaaslik bekend gemaak word.

**4 AUGUSTUS:**
ROBERTSON.

**5 AUGUSTUS:**
RAWSONVILLE, Plaas Kliphoutkloof, 10 v.m.

MALMESBURY, STADSAAL.
UPINGTON.

**7 AUGUSTUS**
CLANWILLIAM, Plaas Seekoeivlei.

**8 AUGUSTUS**
WORCESTER, Voortrekkersaal, 7.30 n.m.

**11 AUGUSTUS:**
PAARL, Stadsaal, 3.30 n.m.

**12 AUGUSTUS:**
KAAPSTAD, Hofmeyrsaal, 7.30 n.m.
STELLENBOSCH.
BREERIVIER, Plaas Af en Toe, 2 n.m.
BARRYDALE.

**15 AUGUSTUS:**
GEORGE.

DOEN U PLIG en VERSEKER DIE TOEKOMS.

# Werkers Het Heldedood Gesterf In Stryd Teen Volksvyand

## Parlement-Stelsel Kapitalis se Wapen

**„Die stryd van die Afrikaner moet op die Rand gewen word," het dr. Piet Meyer, waarnemende Arbeidsleier van die O.B., verklaar toe hy Dinsdagmôre, 7 Julie, voor die vroue-offisiere van die Rand opgetree het. „Die Rand sal die toekoms van Suid-Afrika beslis. As ons die Rand wen vir ons volk, dan het ons volk klaar gewen.**

„Dit is ons, wat hier op die Rand woon wat die stryd moet wen. U wat die vroue, moeders en dogters is van Afrikaners wat van die platteland af ingetrek het stad toe en wat vandag die loonslawe van Jode en Engelse geword het, u moet die stryd help wen. Ons as Afrikaners moet nie net werkers wees nie, — ons moet die stad regeer en die bedrywe besit. Dan het ons as werkers werklik die stryd gewen." Hierdie stryd sal die Ossewabrandwag moet veg. Hy sal weer offers moet bring, maar dit sal die laaste offers wees voor die oorwinning. Hierdie stryd sal op 'n algehele omkering moet uitloop, 'n omwenteling, ja, 'n rewolusie. En hierdie sosiale rewolusie gaan die werkers wen.

As mens om jou heen kyk in die stad, sien jy net die uiterlike tekens van vreemde kapitalistiese heerskappy. Die vraag kan gestel word of die werker dan teen hierdie magdom van rykdom kan baklei en wen? Uit kapitalistiese standpunt benader, nee, maar uit arbeidsoogpunt beskou beslis, ja. **In sy arbeid en in die innerlike krag wat arbeidsverrigting vir die arbeider bring, juis, daarin lê sy krag. Die arbeider is inherent sterk.**

SOLANK

Die man wat nooit werk nie, maar wat net die geld in sy broeksak rondklink, word pap en in alle opsigte niks wêrd. **Solank as wat hierdie geldsak die regering van die land kan beheer deur middel van die parlementêre stelsel, is hy sterk, want dan kan hy mos die soldate en die polisie teen die werker gebruik. Maar onthou, sonder die beheer oor die regering is die kapitalis magteloos.**

As die werkers dus die regering kan oorneem, wie sal dan teen hom kan staan? **En hy kan dit doen deur middel van die Volksbeweging en 'n omvattende arbeidsfront, waarin elke lid van die volk sy plek inneem as arbeider, hetsy met die hand, hetsy met die brein. Die Arbeidsfront is 'n magtige deel van die Gesagstaat en juis hy is waarborg dat die Gesagstaat ook werkersrepubliek sal wees.**

Ons Kommando's is reeds deel van die Arbeidsfront. In die stede rus die Arbeidsfront op die stedelike werkerskommando's. Laat ons dus uit sosialistiese oogpunt die O.B. sien as die Arbeidsfront van die Afrikanervolk en laat ons derhalwe ons kommando's so sterk as moontlik maak terwille van die Arbeidsfront." .

Genl. Meyer het verklaar dat hy aan die vroue twee aspekte wil noem wat kan dien as agtergrondsbegrip van die stryd, want net soos in haar huis en familie, so het die vrou ook in die arbeidsorganisasie haar taak.

VERGETE HELDE

Eerstens moet ons ag gee, het genl. Meyer verklaar, op die feit dat ons as volk altyd die manne wat op die slagveld teen die imperialisme gesneuwel het, vereer het, maar dat ons die Afrikanerwerkers wat hul offers gebring het in die grootstad in die stryd teen die kapitalisme vergeet het. En tog is die stryd teen die imperialisme en die kapitalisme een en dieselfde stryd. Rhodes was die simbool van die eenheid van hierdie twee euwels. **Ons as Afrikanervolk moet die sosialistiese stryd van die werker leer waardeer en ons moet daardie manne wie se bloed in die strate van Johannesburg gevloei het in die stryd om reg en geregtigheid teen die goddelose kapitalisme tot die heldereeks van ons volk tel. Ons mag 'n Labuschagne nie vergeet nie, wat met doodsveragting vir die soldate van Jan Smuts, wat die vrouens en die kinders van die stakers onder die koeels gesteek het, voor die Rand Club sy bors ontbloot het en uitgeroep het: „Skiet 'n man as julle moet skiet." Labuschagne is doodgeskiet en sy bloed het daardie môre in die straat voor die Rand Club gevloei. Hy is een van die helde van ons volk wat geval het in die stryd teen die kapitalisme.**

„Laat ons in ons stryd wat voorlê, besieling put uit die dade van manne soos Labuschagne," het genl. Meyer uitgeroep.

'n Tweede aspek waarop dr. Meyer gewys het, is die feit dat die meerderheid van ons volk vandag in die stede woon en nie langer op die platteland nie. Dis die bewys dat die toekoms van die Afrikanervolk vandag opgesluit lê in die stad, en hierdie feit moet dien as aansporing vir ons stedelike Afrikaners om die stryd nooit te versaak nie.

Die vergadering wat baie goed bygewoon was deur die Randse vroue-offisiere, het plaasgevind onder voorsitterskap van komdte. Roscher, wat opgetree het weens die onvermydelike afwesigheid van genle. Malan.

Hoofgenl. Puren het ook die vroue toegespreek, meer bepaald oor aangeleenthede ten opsigte van 8 Augustus.

Komdte. Roscher het aan genl. Meyer gesê, na sy toespraak, dat van die vrou besieling uitgaan in haar huis na haar man en kinders. „U het nie vergeefs vanmôre na ons oorgekom nie. U het die vrou weereens besiel," het sy onder byvalsbetuiging besluit.—(Korr.)

## GROND GESKENK AAN BOEREJEUG

**'n Stuk grond van ongeveer drie morge is aan die Boerejeug deur mnr. W. C. Wessels, Waterloo, Vryburg, geskenk. Dit is een van die mooiste dele op die plaas en bekend as die piekniekoord van Vryburg. Baie wilgerbome asook sering- en karreebome is op die grond, en die Boerejeug het reeds lemoenboompies bestel om daar te plant. Standhoudende fonteinwater vloei deur die grond en vul ook 'n lekker swemgat. Mnr. Wessels is die vader van die Jeugkommandant aldaar, en hy het die plek gegee met die versoek dat die helfte van die opbrengs uit die grond aan die plaaslike hospitaal geskenk sal word.**

# OSSEWABRANDWAGDAG

STELLENBOSCH

STADSAAL, SATERDAG 12 AUGUSTUS.

OGGEND (10 v.m. — 2 n.m.): Basaar, Kafee, Middagete.

Formele opening 10 v.m.

Spreker: GENLE. MEV. DR. J. S. DU TOIT.

AAND (7.30 n.m. — 11 n.m.): Verskeidenheidsprogram, Musiek, Volkspele, Kafee.

Toespraak: GEBIEDSLEIER GENL. DR. F. DU T. VAN ZYL.

(Bring eetgereedskap saam — borde minder noodsaaklik).

ALMAL WELKOM.

# O.B.-DAG-VIERING GEBIED C.

Die volgende besonderhede word bekend gemaak i.v.m. die feestelike sametrekkings wat in Gebied „C" gehou sal word om die geboortedag van die Ossewabrandwag te herdenk, sodat elke Brandwag, waar hy of sy ook mag wees, die verrigtinge kan bywoon.

| DATUM: | PLEK: | SPREKER: |
|---|---|---|
| 4 AUGUSTUS | CLOCOLAN | HOOFKOMDT. RADLOFF. |
| 4 AUGUSTUS | ROSENDAL | HOOFKOMDT. PIEK. |
| 5 AUGUSTUS | BLOEMFONTEIN | GENERALE MEV. C. MEYER en GEBIEDSGENL. DE JAGER. |
| 5 AUGUSTUS | MARQUARD | HOOFKOMDT. RADLOFF. |
| 5 AUGUSTUS | PETRUS STEYN | MNR. J. COETZEE, Potchefstroom. |
| 5 AUGUSTUS | LINDLEY | HOOFKOMDT. PIEK. |
| 7 AUGUSTUS | MEADOWS | GENL. J. J. SWANEPOEL. |
| 7 AUGUSTUS | HERTZOGVILLE | GENLE. MEV. C. MEYER. |
| 7 AUGUSTUS | FOURIESBURG | HOOFKOMDT. PIEK. |
| 7 AUGUSTUS | FICKSBURG | GEBIEDSGENL. DE JAGER. |
| Tussen 7 en 12 AUGUSTUS: | KESTELL en CLARENS. | |
| 8 AUGUSTUS | HARRISMITH | K.G. DR. J. F. J. VAN RENSBURG. |
| 8 AUGUSTUS | DEWETSDORP | GENL. J. J. SWANEPOEL. |
| 8 AUGUSTUS | BETHLEHEM | HOOFKOMDT. PIEK. |
| 9 AUGUSTUS (middag) | VREDE | K.G. DR. J. F. J. VAN RENSBURG. |
| 9 AUGUSTUS (aand) | FRANKFORT | K.G. DR. J. F. J. VAN RENSBURG. |
| 10 AUGUSTUS (oggend) | MEMEL | K.G. DR. J. F. J. VAN RENSBURG. GENL. MEV. C. MEYER. |
| 10 AUGUSTUS (middag) | VILLIERS | K.G. DR. J. F. J. VAN RENSBURG. |
| 11 AUGUSTUS | ODENDAALSRUST | GENLE. MEV. C. MEYER. |
| 2 SEPTEMBER | KROONSTAD | GEBIEDSGENL. DE JAGER. |
| 10 OKTOBER | CORNELIA (Dist. Vrede). | |

DOEN U PLIG EN DIE TOEKOMS IS VERSEKER!!!


Waarde vir geld

Kommando



-sigarette


*Ondersteun Ons Adverteerders!*


MEUBELS

PRYSE STYG VINNIG.

KOOP NOU!

ONS HOU ALLEENLIK GOEIE KWALITEIT MEUBELS IN VOORRAAD.

Werda Meubelhandelaars (Eiendoms.) Beperk,

Groote Kerkgebou, KAAPSTAD.

Posbus 210. Foon 2-6806.

'N JONG AFRIKANER SKRYF AS VOLG:

„Al my suksesse skryf ek toe aan die eersteklas lesings wat u Kollege aan die verskillende Helpmekaar-studente verskaf. Ook help die dosente mens baie vorentoe op die pad van sukses."

MEER AS 200 KURSUSSE

Die Helpmekaar is die enigste suiwer opvoedkundige Afrikaanse Korrespondensie-Kollege in Suid-Afrika.

Pos die Koepon nou vandag vir gratis besonderhede asook vir die pamflet: „'N BOODSKAP AAN U."

DIE BESTURENDE DIREKTEUR,
Helpmekaar-Korrespondensie-Kollege,
Posbus 3512, Voortrekkergebou,
JOHANNESBURG.

Stuur my asseblief besonderhede omtrent u Korrespondensie-Kursusse.

Ek stel belang in ............................................

Naam ............................................

Adres ............................................

(O.B., 2 Aug. 1944)

Besturende Direkteur: Dr. H. G. Luttig, M.A. (S.-A.), D.Litt. et Phil. (Leiden).

HELPMEKAAR-KORRESPONDENSIE-KOLLEGE

VOORTREKKERGEBOU 310, HOEKSTRAAT 18, JOHANNESBURG

POSBUS 3512 FOON 22-3512

